

21 Mei Johannes 14:5 -14

(Teks: 14:6)

Slegs deur Jesus Christus

Die hemel is die plek waar daar nie ingebreek kan word nie. Van die hemel kan ons tereg sê: "*Daar sal in dié heiligdom, niemand wat die kwaadbedrywe, ooit of immer binnekom*" (Sb. 45:12a).

In die gelykenis van die Goeie Herder (*Joh. 10*) word die "kom na die Vader toe" vir ons mooi uitgebeeld. Daar sê Jesus van Homself: "Ek is die ingang vir die skape". Om in die 'skaapkraal' te kom is daar slegs een manier en dit is deur Jesus Christus, die ingang vir sy skape. Die gelykenis beeld vir ons deur die ingaan in die skaapkraal die ingaan na die hemelse Vader toe uit.

Hulle wat waarlik 'skape' van die Goeie Herder is, luister na Hom en Hy gee hulle die ewige lewe sodat hulle nie verlore sal gaan nie.

Ons het nou 'n hemelse Herder vol heerlijkheid en krag. Hy ontsluit vir ons al die seëninge en liefde van die Vader. Ons saligheid berus nie net op die Here se werk hier op aarde nie, maar ook dit wat Hy in die hemel doen. Ons kan dit so sien dat Hy daar besig is om dit wat Hy op die aarde begin het, af te rond.

Nooit mag ons dit vergeet nie dat ons saligheid van die begin tot die einde uitsluitlik van Jesus Christus kom. Vanuit die hemel is Hy steeds besig om die kerk hier op die aarde te regeer deur sy Woord en Gees sodat alle gelowiges eenmaal voorberei soos 'n bruid vir haar bruidegom deur die ewige poorte in mag gaan (*vergelyk Joh. 10:28, 1 Joh. 2:1,2*).

Sing Skrifberyming 33:2 en 3

Ds. G. du Plessis (Emeritus)